

Skriflesing: 1 Johannes 5:1-13; Johannes 17:20-26

Heidelbergse Kategismus- **Sondag 8**

Teks: **1 Johannes 5:7**

Sing- SAMESANG- Ps.135:1,2

TYDENS EREDIENS- Ps.138:1,2; Ps.90:1,2; Ps.46:6

Dit waaroor Sondag 6 en Sondag 7 ons by gebring het, is eenvoudig wonderlik, broeder en suster. Dit is soos om week na week in 'n woestyn te moes rond dwaal. Daardie eerste deel van ons belydenis wys vir ons duidelik die woestyn in onself. Daardie ellende, dit waarin ek gebore is, ellende wat ek deur my eie toedoen net nog groter maak. In onself is ons woestynmense, met woestyn lewens. Troosteloos, staan ons ellende uitgeskryf, en toe Sondag 7 kom kan ons dit vergelyk met hoe hierdie mens so dors, so uitgedroog deur sy eie ellende, 'n beker ontvang, 'n goue beker met die lekkerste water denkbaar.

Om Jesus Christus se Naam te kon hoor- Sondag 6- om deur Jesus Christus die begin van ons geloof te bely- Sondag 7, dit lei eenvoudig na Sondag 8. Die beker van Sondag 7 is meer as net 'n heerlike beker met die lekkerste water denkbaar, maar Sondag 8 vat vir jou en my, sulke dorstige sondaarmense aan die hand en lei ons verder. Daar word nie maar net vir ons hierdie wonderlike water aangebied nie, maar ons belydenis wil vir ons wys waar kan hierdie heerlike water geskep word. Ons moet by die bron uitkom, want dit is tog waaroor dit werklik moet gaan.

Die geloof wat ek ontvang het, ek moet met hierdie beker wat God my gegee het uit die bron van my geloof moet ek kan skep. Wanneer ons by die bron uitkom, daardie kristalhelder lewende water wat glinster in hoe God die lewe werk en ons skep die eerste skep uit ons belydenis dan is in daardie blink van die water die eerste wat die Kategismus ons oë op laat val die God wat die Bron van alles is, weet jy dat Hy 'n Drie-Enige God is. Werklik Hy is net één God, een in Wese, daar is geen ander God behalwe net hierdie één God nie, maar terselfdertyd hierdie bron, hierdie fontein wat die Kategismus hier oopbreek sê dat hierdie één God is wel Een wat Hom in drie Persone aan ons openbaar. Die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Ons het werklik met 'n groot verborgenheid te doen, 'n groot geheimenis, want niemand kan wiskundig, of hoe ook al, die Drie-Eenheid wil bewys en dit vir die wêreld wil

uitwerk nie, want so min soos wat dit vir ons bedoel is om te verstaan, nog minder sal die wêreld dit kan verstaan. Dit sou makliker wees om met 'n skulpie die see leeg te skep as om dit werklik te verstaan. Al kan ons dit nooit ten volle verstaan nie, is dit wel baie duidelik dat God het Hom só aan ons geopenbaar. Dit is hoe God Homself laat ken, dit is hoe God bely moet word, dit is hoe ons, ons ten volle op Hom moet verlaat, as God die Vader, as God die Seun en as God die Heilige Gees.

Elke keer wanneer ons uit Sondag 8 praat dan gaan dit daaroor dat God werklik God is, HY IS GOD, en HY ALLEEN is 'n DRIE-ENIGE GOD! Om uit die fontein van die geloof jou eerste skep te kon gee is om dadelik terug te deins, is om in jou verstand gegryp te word, jou en my hart wil eintlik omkeer want wat jy hoor kan jy nie begryp nie. Die geloof kom werklik nou ter sprake, want wat jy nie kan begryp nie, dit moet jy kan glo. Die bestaan van God is 'n saak van die geloof en daardie geloof kan alleen God gee.

Moses het in Ps.90:2 ook dit moes doen. Dit is asof dit eenvoudig hom ook oorkom as hy (Moses) van God praat. *Voordat die berge gebore was, en U die aarde en die wêreld voortbring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God...* So asof Moses uit die laagtes van sy mens-wees, uit die lae vlaktes van sy aardse lewe wat alles tydelik is, asof hy uit die tydelike kan heenwys na die ewige en na die hoogtes, na hoër as die berge, want *voordat die berge gebore was...ja van ewigheid tot ewigheid is U God...* Daardie majestueuse stilte van die ewigheid, daar waar die verhewe en hoë God troon, my eindige verstand kan dit nie begryp nie, want God is oneindig, Hy is ewig.

Die heilige engele maak hulle gesigte met hulle vlerke toe, so lees ons, as God in hulle teenwoordigheid verskyn. Toe hierdie hoë en verhewe God vir Jesaja geroep het, toe was die vraag hoe kan ons as mense so onrein selfs net sy Naam op ons lippe neem- Jesaja het gesien hoe een van die serafs (m.a.w. een van die engele) na hom toe aangevlieg kom met 'n gloeiende kool in sy hand wat hy met 'n tang van die altaar afgeneem het en sê Jesaja-*en (hy het) my mond daarmee aangeraak en gesê: Kyk dit het jou lippe aangeraak en jou skuld is weg en jou sonde is versoen...*(Jes.6:6-7)Met sulke aangeraakte lippe moet ons

nou ook God se Woord eintlik saam met die Kategismus oopmaak, want dit is waaroor die Kategismus altyd handel en niks meer wil doen as om eenvoudig net God se Woord oop te maak. In V/A 22 was dit tog ook gevra gewees:- **Wat moet 'n Christen glo?**- Daar het ons al kort en kragtig moes antwoord- 'n Christen moet God se belofte in die Evangelie glo **Alles wat ons in die evangelie belof word...** In my eie woorde sê die Kategismus eintlik vir my – jy moet God se Woord oopmaak, jy moet presies wil kyk wat belowe God aan jou. En die verrassing is eenvoudig te groot vir woorde. God belowe nie *iets* aan ons nie, maar God belowe *Homself* aan ons! God Self is die inhoud van ons geloof. Op Hom steun ons deur die geloof, aan Hom hou ons vas, nog altyd deur dieselfde geloof.

Ons geloofsbelydenis, die Twaalf Artikels, dit wat ons met sovele miljoene Christene deel, ja vir eeue en eeue is hierdie geloof nog altyd dieselfde om jou en my tot dieselfde oortuiging te bring, dat ons het 'n God. Dit is net die *dwaas wat in sy hart sê - Daar is geen God* (Ps.14:1). Hierdie God, die Drie-Enige God Hy stel Homself as die inhoud van ons geloof. Dan gaan dit ook nie bloot oor Wie en wat God is nie, maar spesifiek gaan dit oor Wie en wat God Drie-Enig vir ons is. Dit wat Hy vir ons doen. Dit wat Hy persoonlik vir ons beteken. Die woordjie ons staan nie minder nie as drie maal in V/A 24. Ons skepping, ons verlossing, ons heiligmaking.

Waar dit spesifiek so na ons kant toe kom, broeder en suster, dan kan ons nie anders as om te besef ons het hier werklik ook met die verbond van God te make. Dit wat die verbond in wese is, is waar God Homself al aan Abraham belowe het- Gen.17:7 sê die Here- *En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou...* Die verbond is waar God Homself belowe... En wanneer die verbond ter sprake kom, weereens soos met Sondag 7 die geval was, dan het ons hier ook weer met die uitverkiesing te doen, want die verbond is onlosmaaklik aan die uitverkiesing verbonde. Dit wat in Sondag 7 antwoord 20 na verwys het dat dit handel oor die wat *slegs deur 'n ware geloof in Hom ingelyf word...* Die verbond, die uitverkiesing, dit is 'n belydenis wat tot die hart moet spreek. Daarom wanneer ons oor die Drie-Eenheid van God handel en

ons besef dit hang so nou met die uitverkiesing saam as wat die verbond met die uitverkiesing saamhang, dan besef ons hoe ernstig dit is.

As iemand die leer van die Drie-Eenheid verwerp, so iemand sal nie gered word nie. Dit is belofte van God, maar dit is ook oordeel van God. Glo dit en jy sal gered word, glo dit nie, en jy word veroordeel... Dit is soos wat die verbond dit duidelik maak- daar is altyd twee partye by 'n verbond ter sprake. God en die mens... Sulke twee partye kom met mekaar ooreen wat dan geld teenoor 'n derde party. God kom met sy ingelyfdes in Christus ooreen, ja God kom ooreen met die gelowiges in sy genadeverbond dat daar teen die derde party, nl. teen die satan opgetree kan word. Hierdie mense met wie God ooreenkom het nie maar gister of eergister plaasgevind nie, maar God het 'n ewige verbond gesluit, 'n verbond met die voorgeslagte maar ook met ons en ons kinders. In ons gelowige voorouers maar ook in ons kinders en kindkinders en in hulle geslagte is God vir ons 'n ewige God, die God wat 'n Drie-Enige God is.

Een kant is die God wat die Vader, die Seun en die Heilige Gees is, hulle is Een, en aan die ander kant van die verbond is die mens, die uitverkorene, dit is die gelowige wat Jesus kort voor sy hemelvaart kon verseker- *Aan My behoort alle mag in die hemel en op die aarde...* en dieselfde Jesus kan met hierdie mag sy kinders uitstuur met die opdrag wat die Drie-Enige God se opdrag is- Gaan heen... Gaan na al die nasies, na alle volke en alle tale, na elkeen wat in julle weg kom, en sê hulle dat God Een is, en tog drie Persone is, drie wat nooit geskei kan word nie, maar altyd Een is. Doop hulle dan ook in die Naam van die Drie wat Een is. In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees...Dit wat deur hierdie doop as een boodskap tot die ganse mensdom moet kom is die getuienis van Sondag 8 wat van die Drie-Enige God uitgaan.

God die Vader wat vir jou as mens 'n Vader wil wees. Werklik 'n Vader. Jy mens jy het nie maar uit die lug geval nie, jy het nie uit een of ander aap-gedierte ontwikkel nie, maar jy kind van God is onlosmaaklik verbonde aan die Skepper wat jou geskape het. Watter geweldige gedagte wat die kind van God by die Drie-Eenheid van God moet vasgryp. Ek

is nie maar net hier nie...ek is nie maar 'n blote skepping of skepsel van God nie, ek staan nie los van God nie, maar Hy het my geskape. Hy het my aan Hom vasgemaak! Ek is werklik Syne...ek behoort aan Hom (Weer Sondag 1 se enigste troos!) Ek is maar klein in die hand van die Pottebakker. God kan daardie klei vorm en vervorm soos wat 'n pottebakker maak. Die pottebakker maak met die klei wat hy wil, so is ek ook in die hande van Hom wat ek as God my Vader...onse Vader bely.

Om God die Vader as jou Skepper te bely, as die Een wat ons gemaak het en nog onderhou sluit geweldige dinge in. Vir Job was dit so groot dat toe hy wat Job is sy geboortedag vervloek toe gaan dit juis oor wat kan die stukkie klei, die klei wat Job is, nou werklik van sy eie bestaan verstaan?! Onwillekeurig het Job se gedagtes gegaan tot voor sy geboorte, dit wat jy as mens eintlik niks van af weet nie, tog was die God wat jou Vader is, Hy was daar! Daar in die donkerheid van die moederskoot het die skeppende krag hom uit 'n ongevormde klomp gevorm, hom gemaak 'n skone mens, 'n babatjie, meer nog met hulle wat in Christus ingelyf word, is daardie selfde babatjie, 'n babatjie wat reeds in die verbond gebore is.

As jy werklik in Hom glo, in die God wat jou Skepper is, dan is die getuienis van Hom wat in die hemel getuig ook jou getuienis- want daar is drie wat getuig in die hemel: *die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een...* Om God as jou Vader te bely bring noodwendig die volgende deel van ons belydenis want om van die drie te praat is om van die Een God te praat, om van die een God te praat is ook om van God die Seun te praat. Hierdie Seun wat Self as mens tot die Vader gebid het maar hoor Hom dan weer bid- Die gebed is so duidelik van Hom wat Een is met God, Hy is God die Seun maar deur sy bloed is Hy ook ons Verlosser...*Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo- dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het...* Hierdie Een wat hier bid, Hy maak dit so duidelik dat Hy bid nie vir die wêreld in die eerste plek nie (v.9)- *Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort...En alles wat myne is, is uwe, en wat uwe is, is myne; en Ek is in hulle verheerlik...*

Weer moet ons die verbond van God vasgryp. God wat jou Bondgenoot moet wees, van Abraham af, maar in Christus het ons opnuut dieselfde verbond in ons lewens ontvang dat Christus nou ons Verbondshoof is, en jy en ek en al die gelowiges is sy verbondskinders. Waar die duiwel en sy gesante jou en jou kinders wil breek en my eie moedswillige ongehoorsaamheid dit alles net nog verder wil afbreek, daar het jy en ek, ja ons almal het dit so nodig dat daar teen die duiwel opgestaan moes word. Alleen Christus kon dit doen. Alleen Hy wat God en mens is. Die Lam van God wat geslag is, magteloos het Hy aan die kruis gesterwe, Hy het Homself vir ons gegee, sy bloed het die lewe uit Hom laat uitvloei, maar die Lam van God is nou in werklikheid 'n Leeu uit die stam van Juda. Die septer sal van Hom nie wyk nie, Hy regeer, Hy is die Almagtige, van daardie oomblikke wat Hy uit die dood opgestaan het, is daar geen mag wat Hom van ons kan skei nie. Aan Hom behoort alle mag in die hemel en op die aarde...

Die werk van God die Seun, ons Verlosser, Hy is ons Here, maar die driemaal heilige God van jou doop is ook die God wat deur sy Heilige Gees in jou wil woon, wat jou gedurig nader aan Christus wil bring, sodat jy soos wat jy in Christus ingelyf is ook as lidmaat (as ledemaat) van dieselfde Christus geheilig kan word. Die Heilige Gees is altyd die Een wat die lewe gee. Hy het al in Gen. 1:2 lewewekend oor die waters gesweef. Waar die Heilige Gees Hom onttrek daar tree die dood in. Die Heilige Gees het by Jesus se doop uit die hemel soos 'n duif neergedaal, en waar die Heilige Gees op Jesus kom sit het, daar wil Jesus nou ook vir jou deur dieselfde Heilige Gees salf.

Die Heilige Gees sal ook op die kind van God kom sit, weer op hulle wat die verbond insluit, hulle is die gesalfdes van God. God wil sulke kinders se lewens skoonmaak. God neem intrek by sy kinders soos wat ons werklik hier kan dink aan jou liggaam as tempel van die Heilige Gees, as gebou, gebou met lewende stene waarin God kom woon. 'n Tempel wat nie maar ineens opgebou word nie, maar dit moet ook skoongevee word. Die beeld van 'n besem wat skoon vee wat jou lewe wil skoonmaak en volmaak met die prediking van God se Woord en met die bediening van die sakramente. Dit is Hy die Heilige Gees wat ons by ons doop alreeds as God aan ons belowe is. Toe ons gedoop is,

toe is daar so treffend belowe *die Heilige Gees verseker ons deur hierdie heilige sakrament dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur tot ons eiendom te maak wat ons in Christus het, naamlik die afwassing van sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelijk onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe vlekkeloos gestel sal word...*

Sondag 8 waar dit gaan oor die feit dat God daar is, dat Hy alleen God is, dat Hy 'n Drie-Enige God is, laat ons soos Luther in die tyd van swaarkry, ja wanneer die duiwel met sy groot aanvegtinge na jou toe kom, in sulke tye het Luther uitgeroep- EK IS GEDOOP! As u dit kan sê- Ek is gedoop, dan is ek gedoop in die Naam van God die Vader en die Seun en die Heilige Gees. God die Vader wat my met sy goeie wil versorg en alle kwaad van my wil wegweer of tot ons beswil beskik, al is dit ook hoe seer, al word ek soms gebreek, Hy sal die geknakte riet nie verbreek, die dowwe lamppit nie uitblus nie.

Die Seun van God het my gewas en my vrygemaak. Met sy dierbare bloed het Hy vir my betaal dat ek vry kon raak van God se verskriklike toorn oor my sondes. Die Heilige Gees wil nou in jou en my woon, Hy wil jou na Christus toe dring, sodat jy ook kan heilig word. Jou lewe dag tot dag vernuwe om te kom waar die uitverkorenes vlekkeloos gestel is... Bedroef die Heilige Gees nie, blus Hom nie uit nie, want waar God deur sy Woord werk, is dit die drie wat getuig...dit is hoe God se Woord aan die werk is en wat lewend is en lewend maak.. *Dit is waarlik net 'n dwaas wat in sy hart sê- daar is geen God!* Verbly jy jou in die Here, jou God, die Drie-Enige God van jou doop – aan Wie toekom al die lof en al die eer en heerlijkheid en al die aanbidding en danksegging nou en tot in ewigheid. Al wat ons moet doen is om God te loof vir Wie Hy is en wat Hy doen as die een God wat 'n Drie-Enige God is. So het Hy hom aan ons openbaar, so sal ons Hom in Sondag 9-10 as ons Vader bely, van Sondag 11-19 as ons Verlosser en vanaf Sondag 20 – 22 as die Een wat ons heilig maak, Hy wat die Heilige Gees is.

AMEN

Vrae uit Sondag 8

1. Wat beteken dit vir jou om uit die bron van jou geloof te skep?
2. Hoe sal jy God as Drie-Enige God in jou lewe kan bely?
3. Kan 'n mens die Drie-Eenheid van God werklik verstaan of verduidelik?

4. Op watter gronde aanvaar ons dan dat God 'n Drie-Enige God is?
5. Hoe het Moses in Psalm 90 oor God gepraat?
6. Wat moet jy as Christen glo?
7. Wat is die doel en die betekenis van die Twaalf Artikels?
8. Watter tipe mens sê in sy hart dat daar geen God is nie?
9. Kan die verbond op enige manier van die uitverkiesing losgemaak word?
10. Wie staan aan die twee kante van die verbond en wie is die derde party in hierdie verbond?
11. Sal iemand wat die leer van die Drie-Eenheid verwerp gered kan word?
12. Waaraan het Luther vasgegryp as daar groot aanveginge teen hom gekom het?

